21 April 2010

OUEROMSENDBRIEF 13/2010

Geagte ouers/voogde

1. GEDAGTE VAN DIE WEEK

<u>Ouertaak : Opvoeding</u>

Ouertake behels opvoeding. Deur 'n kind op te voed word die kind geleer om te leef volgens die norme (reëls) en waardes (dit wat saakmaak) in die gesin (skool) sodat die opvoedeling (kind) kan lewe in die bepaalde gemeenskap waarin hy/sy grootword.

Opvoeding behels ook voortdurende toename in verantwoordelikheid en selfstandigheid.

In watter leefwerklikhede word kinders opgevoed? Hoe om te eet, slaapgewoontes, spel, beloning en straf, gelukkig te wees, sindelikheid, groet, hulpverlening, gesond te leef en alle ander leefwerklikhede.

Ouertake behels stimulering, ondersteuning en om manier van doen aan te dui: Dis opvoeding.

Die leefwêreld van vandag vra juis na jongmense en volwassenes wat vaardighede het om effektief met mense om te gaan, te kommunikeer, en probleme op te los. Voorts is akademiese en/of tegniese vaardighede bepalend vir werkplasing en volhoubaarheid van werk. Vertrou die skool om met die opvoeding te help en ondersteun Bakie-onderwysers om u kind so goed hul kan toe te rus om eendag akademies en tegnies die beste moontlik te presteer.

Frances E. Willard het eens gesê:

Sow an act and you reap a habit; sow a habit and you reap a character; sow a character and you reap a destiny.

K O O P U V O E R T U I G B Y M c C A R T H Y T O Y O T A ,
H E N D R I K V E R W O E R D R Y L A A N . H U L O N D E R S T E U N
D I E S K O O L G E R E E L D . S ê U I S ' N O U E R V A N
B A K E N K O P A S U ' N V O E R T U I G B Y H U L K O O P E N
D I E S K O O L K R Y ' N S K E N K I N G V A N R 1 0 0 0 . 0 0
K O N T A K P E R S O N E P I E T E R V E L D S M A N (N U W E
V O E R T U I E) V A U G H A N P R E T O R I U S (A U T O M A R K) .
T e l : 0 1 2 6 5 3 9 4 0 0

2. LIEF EN LEED

Chané Lume, Gr. 3/2 was ernstig siek in die hospitaal vir 3 dae. Ons is bly sy is terug by die skool en weer gesond.

3. SKOOLVAKANSIEDAG

Neem asb. kennis dat Maandag 26 April 2010 'n skoolvakansiedag en Dinsdag 27 April 2010 'n publieke vakansiedag is.

4. KOPLUISE

Daar is weer kopluise in die skool. Sal u asseblief help deur mooi te kyk of daar by u kind kopluise of nete is. Dokters en apteke het raad.

5. WINTERSDRAG

Ons skakel op 17 Mei 2010 oor na wintersdrag. Indien u kind vroeër koud kry kan hy/sy reeds wintersdrag aantrek.

6. Van Tarien, oor wie ons verlede week berig het:

Aan :
Al my vriende & onderwysers van Laerskool Bakenkop:

Soos julle weet, is ek in 2008 gediagnoseer met Idiopatiese Trombositopeniese Purpura (ITP). Dit was 'n moeilike en baie onsekere tyd vir my, my ouers en familie.

Aan elkeen van julle wat my ondersteun het in hierdie tyd wil ek baie dankie sê, elke drukkie, gebed, sms, boek, bossie blomme en besoek het my pad na herstel soveel makliker gemaak.

Baie, baie dankie!

My milt is in April 2010 verwyder en ek glo dat ek nou genees is en sien uit na 'n blink, gesonde toekoms. 'n Spesiale dankie aan almal wat my gehelp het om hier uit te kom, en alle eer aan my Skepper!

Mag God julle almal ryklik seën.

Liefde
Tarien van Heerden

Job 11: 18 ..jy sal vol moed wees omdat jy hoop sal hê,
jy sal beskerm wees en rus in veiligheid"

Vriendelike groete

_____
J.W.C. SCHEEPERS
HOOF

**>>>